education

MPUMALANGA PROVINCE

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**
**GRAAD 12**
**VRAESTEL 1**
**JUNIE 2017**

Punte: 120
Tyd: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

4. Trek ʼn streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 30 minute |

Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

# DIAMANTE



Diamante is al van donkiejare jare bekend aan die mens. Dit is vir die eerste keer in Indië langs die Krishnarivier gevind in die negende eeu. Indië was ook die grootste verskaffer van diamante tot in die middel van die agtiende eeu. Vandag word 130 miljoen karaat diamante met ŉ gewig van 26 000kg, elke jaar gemyn. Diamante is gemiddeld 3,4 biljoen jaar oud. Hulle word 160km onder die aarde gevorm en deur vulkane (volcanos) na die oppervlak gestoot. Dit is die hardste stof op aarde.
Diamante word gemeet in karaat. Die woord is afgelei van “carob” wat die saad van die broodboom af kom. Vir baie jare is edelgesteentes geweeg met behulp van die boom se saad. Diamant is afgelei van die Griekse woord adamas wat onvernietigbaar beteken omdat diamante so hard is. Die eerste diamant wat in Suid-Afrika gevind is, is die Eureka-diamant. Hierdie diamant is deur Erasmus Jacobs gevind naby Hopetown en weeg 21,25 karaat, ongeslyp. In 1868 is 'n diamant van 83,5 karaat gevind op die plaas Zandfontein, ook naby Hopetown. Hierdie diamant staan later bekend as die *Ster van Suid-Afrika*.

Die waarde van 'n diamant word deur vier faktore bepaal: gewig, snit, kleur en helderheid. Die gewig van 'n diamant word in karaat bepaal en is gelykstaande aan 0.2 gram. Dit is min of meer die gewig van 'n skuifspeld. Die snit, dit wil sê hoe die diamant gesny (geslyp) is, bepaal hoeveel lig binne die diamant vasgevang en weerkaats word. Hoe meer lig vasgevang word, hoe duurder is die diamant. Diamante word sorteer en gradeer volgens hulle deursigtigheid. Kleurlose diamante word gradeer van D (heeltemal kleurloos) tot Z (geel).

In 1871 is diamante ontdek op Colesbergkoppie op die plaas Vooruitzicht wat aan die De Beer-broers behoort het. Binne ŉ jaar het meer as 50 000 myners soontoe getrek opsoek na diamante en vinnig ryk word. So is die grootste mensgemaakte gat in die geskiedenis van die wêreld gemaak. Die gat (in Kimberley) is meer as 240m diep en meer as 400m wyd. Daar is meer as 2720kg diamante uit die gat gehaal. (Dit is swaarder as ŉ renosterbul)

Van ons bekendste diamante is die De Beers-diamant van 428.5 karaat in 1888 in die Kimberley-myn gevind is. Op 30 Junie 1893 is die Excelsior-diamant gevind in die De Beers-myn te Jagersfontein. Dit het 971 karaat geweeg en was op daardie stadium die grootste diamant in die wêreld. Die Jubilee-diamant van 650.80 karaat is 1895 in die Jagersfontein-myn gevind.

Die Cullinan-diamant is op 26 Januarie 1905 in die Premiermyn by Cullinan gevind deur Frederick Wells. Dit is tot op datum die grootste diamant wat ooit gevind is. Dit was omtrent so groot soos ŉ man se vuis en is vandag deel van die koningin van Engeland se kroonjuwele. Die Jonker-diamant van 726 karaat was die vierde grootste diamant ter wêreld gewees toe dit op 17 Januarie 1934 deur die delwer, Jacobus Jonker, gevind is op die plaas Elandsfontein, Pretoria [Bron: See South Africa. Dawid van Lil]

1.1 Skryf TWEE woorde uit paragraaf 1 neer wat vir ons sê dat diamante al honderde jare bekend is aan die mens. (1)

1.2 Kies die korrekte woord tussen hakies.
Diamante is vir die eerste keer in (Suid-Afrika/Indië) ontdek. (1)

1.2 Hoeveel karaat diamante word vandag elke jaar gemyn? (Skryf slegs die getal) (1)

1.4 Waar en hoe word diamante gevorm? (1)

1.5 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Die woord “karaat” kom van die wortels van die broodboom. (1)

1.6 Wat beteken die woord diamant? (1)

1.7 1.7.1.Waar en deur
1.7.2.wie het die eerste diamant in Suid-Afrika gevind? (2)

1.8 Wat is die naam van die tweede diamant wat by Hopetown gevind is? (1)

1.9 Noem DRIE dinge wat die prys van ŉ diamant bepaal? (3)

1.10 Watter kleur diamant dink jy sal die duurste wees? (1)

1.11 Op wie se plaas is diamante 1871 ontdek? (1)

1.12 Hoekom dink jy het so baie mense na Vooruitzicht getrek? (1)

1.13 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Die gat wat die delwers in Kimberley gegrou het is so groot soos ŉ renoster. (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.

Daar is ... kg diamante in Kimberley gemyn. (1)

A. 50 000 B. 1871 C. 2720 D. 240

1.15 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
Die drie grootste diamante van die 1800's het aan (Erasmus Jacobs/ De Beers) behoort. (1)

1.16 Deur wie is die grootste diamant wat nog gevind is in ons land, gekry? (1)

1.17 1.17.1 Hoe groot was die Cullinan diamant? (1)


1.17.2 Waar is die Cullinan diamant vandag? (1)

1.18 Noem TWEE van ons grootste diamante. (2)

1.19 In watter stad is die vierde grootste diamant gevind? (1)

**[24]**

**TEKS B: VISUELE TEKS**




1.20. Hoeveel lande van Afrika is op die tabel? (1)

1.21 Watter TWEE lande produseer ewe veel diamante? (2)

1.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.26) en die letter (A–D) neer.
Die land wat die minste diamante lewer is...
A Botswana B Angola C Suid- Afrika D Rusland (1)

1.23 Watter Afrika-land produseer die meeste diamante? (1)
Waarom noem ons hierdie teks 'n visuele teks? Gee EEN rede. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**


**TEKS C: HOE OM NA JOU DIAMANTE TE KYK**

- Som in SEWE volsinne op HOE OM NA JOU DIAMANTE TE KYK.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

# HOE OM NA JOU DIAMANTE TE KYK



1. Vat so min as moontlik aan jou diamante omdat jou vingers olie van jou vel op het wat die diamante dof sal laat lyk.




2. Maak seker dat jy jou diamante so gereeld moontlik skoonmaak, ten minste een keer 'n week met gewone huishoudelike seep. Seep vir vensters werk wonderlik saam met 'n sagte tandeborsel.



3. Wees versigtig met die delikate dele van jou juwele, want as jy te hard borsel sal dit jou kosbare stukke krap. Borsel dus baie sag, spoel af en maak droog met 'n sagte lap wat nie wolletjies afgee nie.

4. Pasop vir skadelike oplossings. Chloor of skuurmiddels moet nooit gebruik word nie. Dit sal jou goud, silwer of platinum laat oplos of wegslyt.



5. Moenie jou juwele dra as jy met jou hande werk of na die gimnasium toe gaan nie. Diamante is hard, maar dit kan beskadig.




6. Moenie dat jou diamante in aanraking kom met blykmiddels nie. Dit sal die diamante laat verkleur of verblyk.



7. Moenie al jou juwele in een kassie gooi nie. Dit sal mekaar krap en beskadig. Bêre dit in aparte hokkies in sagte papier of lap.

[Verwerk vanaf Wikipedia]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

# *Mpumalanga Juweliers*

## Alle bruide en bruidegoms!



Koop vandag jou droom-diamantring vir jou verloofde en ontvang 'n gratis oorlosie.




**Aanbod geld slegs vanaf 15 Junie tot 25 Junie 2017**

**Ons ringe is die mooiste in die land.**
**Moenie later spyt wees nie. Kom nou dadelik.**
**Ons het die grootste verskeidenheid diamante in die land. Jy kies jou droomring of ontwerp jou eie.**



*Jou kans van 'n leeftyd!*

3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.2 Hoe word die leser se aandag na die opskrif getrek? (1)

3.3 Watter woord sê dat hierdie spesiale aanbod net vir ’n sekere tyd is? (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die leesteken aan die einde van *Alle bruide en bruidegoms!*

is ’n (dubbelpunt/uitroepteken/vraag/teken/kommapunt). (1)

3.5 **Ons ringe is die mooiste in die land.**

Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.5.1) en die letter (A–D) neer.

Die sin hierbo is ’n voorbeeld van ...

A Oordrywing. B figuurlike taalgebruik.
C partydigheid. D stereotipering. (1)

3.6 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder in die advertensie om die leser te laat voel dat daar met hom/haar gepraat word? (1)

3.7. Skryf EEN woord neer wat die adverteerder gebruik om hul ringe te beskryf. (1)

3.8. *Jou kans van ’n leeftyd!*

Is hierdie stelling ’n FEIT of ’n MENING?
Motiveer jou antwoord. (1)

3.9. Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.
**Jy kies jou droomring**

**Begin só:** Jou droomring ... (1)

3.10. Voltooi die volgende sin deur ’n woord in die lys hieronder te gebruik.
Skryf net die vraagnommer (3.9) en die ontbrekende woord neer.

geskree; gefluister; gesê; gevra

Die luidspreker waaruit die woorde in die advertensie gesê word, is effektief omdat dit lyk asof die woorde ... word. (1)

3.11 Verander die sin na 'n VRAAGSIN deur te begin met die vraagwoord wat gegee is.

**Aanbod geld slegs vanaf 15 Junie tot 25 Junie 2017.** (wanneer)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees en bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2**




[Uit Beeld1/11/2016]

4.1 Voltooi die BEVELSIN deur die woord wat ontbreek, neer te skryf.

Pieter moet na sy ma luister.

Pieter, ... na jou ma! (1)

4.2 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ma sê vir Pieter: "Jy bemors die kombuis."
**Begin só:** Ma sê vir Pieter dat ... (1)

4.3 Gebruik die woord "laat" (RAAMPIE 1) in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)

4.4 Wat beteken die woord "verpes". (RAAMPIE 2). (1)

4.5 Hoe kan ons in RAAMPIE 1 aan Ma se houding sien dat sy baie kwaad is? Gee EEN bewys. (1)

4.6 Gee die VERKLEINWOORD van “mat”. (Raampie1) (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die regte woord. (1)

As jy na Pieter kyk en wat hy sê in Raampie 2, dink jy hy is (vrolik/ontsteld/kwaad)?

**[8]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

ʼn Droogte is nie ʼn oornagbesigheid nie. Dis nie net (5.1.1.) **<u>skielik</u>** droog nie. Hy kom oor maande aan en nie van nêrens af (5.1.2)..... Die probleem is dat boere altyd glo dit gaan reën en as hulle weer sien, is die wêreld kaal om hulle. In die Kalahari het dit ook (5.1.3) **(hierdie jaar**) so met ons gegaan.

Toe ek en pa op Mokalenen begin boer het, was die wêreld (5.1.4) **mooi.** Swaar donderweer het kort-kort (5.1.5) **(in/oor/by)** ons uitgesak. Dit was die 7 vet jare. In die (5.1.6) **(drie)** jaar op die plaas het dit lente geword, maar daar was geen vroeë lentereën nie. Ons het bly wag vir dit (5.1.7).... .... reën. Dit het somer en (5.1.8) **warm** geword. Maar die wind het wes bly waai en die (5.1.9) **dag** as hy uit die regte rigting waai, Noord, was hy so rof dat hy die paar wolkies wat opgesteek het, tot in die (5.1.10) **Vrystaat** gewaai het

Die hitte het mens en dier (5.1.11) **laat les opsê**. Terwyl ek een oggend ʼn trop skape deurwerk, het een van die werkers langs die drukgang flou geword.(5.1.12) Ons het groot geskrik. Ons het hom gelawe met ʼn kan water onder ʼn vaalkameeldoring. (5.1.13) Skape, koeie en bokke (hier in die Kalahari) (kry) (elke dag) (baie swaar). Dit was ʼn gespook om al die damme vol water te hou sodat die diere (5.1.14) **drink +water** kon hê. ʼn Groot kalf het in die dam geval toe hy wou water drink en die krippe leeg was voor dit (5.1.15) **hervul** is.

[Verwerk uit Taalgenoot: winter 2014]

5.1.1 Verdeel die woord “skielik” in LETTERGREPE. (Reël 1)

Dis nie net **<u>skielik</u>** droog nie. (1)

5.1.2 Skryf die korrekte ontbrekende woord neer. (Reël 2)

Hy kom oor maande aan en nie van nêrens af ..... (1)

5.1.3 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. (Reël 4)

...... ook **(hierdie jaar)** so met ons gegaan. (1)

5.1.4 Gee die ANTONIEM van "mooi". (Reël 6)
...... was die wêreld **mooi.** (1)

5.1.5 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 7)

Swaar donderweer het kort-kort (in/oor/by) ons uitgesak. (1)

5.1.6 Gee die korrekte vorm van die onderstreepte TELWOORD. (Reël 8)
In die <u>(drie)</u> jaar op die plaas het dit lente geword.... (1)

5.1.7 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor. (Reël 9)
Ons het bly wag vir dit (5.1.7).... .... reën. (1)

5.1.8 Gee die INTENSIEWE VORM vir **"warm**". (Reël 10)

Dit het somer en warm geword.
(1)

5.1.9 Gee die MEERVOUD van "dag". (Reël 11)

..... die dag as hy uit die regte rigting waai,.... (1)

5.1.10 Hoekom is Vrystaat met ŉ HOOFLETTER geskryf? (Reël 12)

..... tot in die Vrystaat gewaai. (1)

5.1.11 Wat dink jy is die betekenis van die uitdrukking? (Reël 13)
..... mens en dier laat les opsê. (1)

5.1.12 VERBIND die sinne hieronder met die woord tussen hakies.
(Reël 10)

Ons het groot geskrik. Ons het hom gelawe met ŉ kan water. (daarom) (1)

5.1.13 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die hele sin oor. (Reël 17–18)

Skape, koeie en bokke (hier in die Kalahari) (kry) (elke dag) (baie swaar).

**Begin só:** Skape, koeie en bokke ... (1)

5.1.14 Gee die korrekte SAMESTELLING van drink + water. (Reël 20)

...... sodat die diere **drink + water** kon hê. (1)

5.1.15 Krippe leeg was voor dit **her**vul is . (Reël 21 )

Kies die korrekte woord tussen hakies.

Die "her" in "**her**vul" beteken (nie/weer). (1)

**[15]**

Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Verwerk van Bing images]

5.2.1 Skryf die korrekte OORTREFFENDE TRAP van die woord.
Jou foto's is die **(mooi)** (1)

5.2.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Haar ma werk op (al/alles/almal) die programme. (1)

5.2.3 Zanelle (erken/herken/verken) haar ma se foto op die rekenaar. (1)

5.2.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
Sy hoop sy sal ook eendag so (suksesvol/sukses) soos haar ma wees. (1)

5.2.5 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.
Sy is (haar/hom/sy) ma se enigste dogter. (1)

5.2.6 ŉ Mens kan sien op die foto dat sy en haar ma (lief is vir/haat) mekaar. (1)

5.2.7 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.
Zanelle bespreek die werk met haar ma. (1)

**[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: LETTERKUNDE**

***BLADSAK* – Lucas Malan**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die verhale.

**VERHAAL A: "Tom" – Jeanne Goosen (20)**

**EN**

**VERHAAL B: "Potyster sweis nie" – P.G. du Plessis (20)**

**VRAAG 6**

**VERHAAL A: "Tom" – Jeanne Goosen (20)**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> " Dit was buitendien ŉ hengse bargain," vervolg hy. " Weet jy wat betaal ŉ mens vandag vir ŉ goeie donkie? Goed. Die karretjie is nou wel ŉ bietjie...... wel ŉ bietjie lamlendig, maar die kan ek self regmaak."
>
> ******
>
> Die donkie staan botstil. Hy kyk stip en intens na my. Dit lyk asof hy my verwyt.

6.1 Hoeveel het die broertjie betaal vir die donkie en die karretjie? (1)

6.2 Wat het die broertjie gedink kan hulle met die donkie en die karretjie doen? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A–D) neer.

"Dit lyk asof hy my verwyt." Is 'n vorm van....

A ironie
B Personifikasie
C Kontras
D stereotipering (1)

6.4 Waarvoor moes hulle die geld gebruik het? (2)

6.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die ontbrekende woord neer.

middel; laat; vroeg

Die suster is moedeloos want dit is nog..... in die maand (1)

6.6 Kies die inligting in KOLOM B wat by die in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.6.1–6.6.4) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 6.6.1 omhein | A Sal 'n werkie kry |
| 6.6.2 die broertjie | B Varkdraad |
| 6.6.3 die suster | C Is baie lelik |
| 6.6.4 Tom | D Voel lus om te huil |
| | E lamlendig |

(4 x 1) (4)

6.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die suster raas met die broertjie.
- Die broertjie koop die donkie en karretjie.
- Dit lyk of die donkie vir die suster lag.
- Die broertjie huil. (4)

6.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.8) en die letter (A–D) neer.

Die broertjie huil omdat hy voel dat sy suster hom altyd............

A Aanmoedig
B Kritiseer
C Blameer (1)

6.9. Sê waarom hierdie stelling WAAR is.
Die donkie is mishandel. (1)

6.10. Die broertjie sê dit was “love at first fright”. Wat bedoel hy daarmee? (2)

6.11. As jy die suster was, hoe sou jy gereageer het as die broertjie by die huis gekom (1)

6.12 Dink jy die broertjie het die argument gewen? Waarom dink jy so? (1)

**[20]**

**VERHAAL B: “Potyster sweis nie” – P.G. du Plessis (20)**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Dis duidelik dat hy die toekoms van my en die stofie nie met vertroue tegemoet sien nie.
>
> ****
>
> Nee, sy pa is nie ’n sweiser nie. Sy pa is in besigheid.
>
> Maar sy pa is die soort mens wat enigiets iets kan regmaak …. en ja hy sal van die toebroodjies kry wat die oom aanbied, want in die koshuis is die kos nie altyd waffers nie.

6.13 Waar het die verteller die stofie gekry? (1)

6.14 Waarom het hy die stofie gekoop? (3)

6.15 Gee twee redes waarom die verteller die seun opgelaai het. (2)

6.16 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die Portugees skel op die seun.
- Die verteller gaan dorp toe.
- Die verteller gee die seun toebroodjies.
- Die verteller bied die seun tien rand aan. (4)

6.17 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.18.1–6.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.17.1 | Die seun | A | Het 'n groentewinkel |
| 6.17.2 | Die seun se ma | B | Werk by die Portugees |
| 6.17.3 | Die seun se pa | C | Gooi duim |
| 6.17.4 | Die verteller | D | Boer met woorde |
| | | E | Het weggeloop |

(4 x 1) (4)

6.18 Hoe weet jy dat die seun nie ryk is soos hy beweer nie? (2)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die letter (A–D) neer.
Wat beteken dit as die kos nie "waffers" is nie?
A. Die kos is baie lekker.
B Die kos is nie lekker nie.
C Daar is baie kos.
D Die kos is te min. (1)

6.20 Hoekom dink jy het die seun leuens vertel oor sy huislike omstandighede? (2)

6.21 Die verteller was jammer vir die seun.
Sê waarom die stelling WAAR is. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**